higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

KONSTRUKSIETOESIGHOUDING
NKR VLAK 4

(12010474)

15 November 2022 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.

304Q1N2215

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae met aandag deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke vraag op 'n skoon bladsy.
5. Skryf met slegs 'n blou of swart pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 Kies uit die lys hier onder die korrekte personeellede vir elk van die volgende funksies en verantwoordelikhede op 'n konstruksieterrein. Skryf slegs die korrekte woord of woorde langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

resident-ingenieur; werkeklerk; bou-/terreinopnemer; landmeter; algemene voorman; genomineerde subkontrakteur; boubeheerbeampte; pakhuismeester; vakvoorman; arbeiders; gemeenskapskakelbeampte; gesondheid-en-veiligheidsbeampte; ambagsman

1.1.1 Hierdie persoon is as hoof oor groepe werkers aangestel, en deel werk uit aan ambagsmanne, vakleerlinge en arbeiders.

2.1.2 Hy of sy moet materiaal nagaan wat op die terrein afgelewer word, die afleweringsbewys onderteken, en van alle goedere boekhou.

2.1.3 Wanneer plaaslike gemeenskappe 'n belangrike deel van groot projekte is, moet hy of sy 'n goeie verhouding met die mense van die gemeenskappe handhaaf.

1.1.4 Hierdie persoon moet sorg dat 'n gebou op die regte plek opgerig word, en dat die vloere volgens die ontwerp op die regte hoogte is.

1.1.5 'n Sekondêre kontrakteur wat 'n kontrak met 'n hoofkontrakteur aangaan.

1.1.6 Hy of sy moet alle aktiwiteite organiseer en toesien dat die konstruksiewerk reg verloop.

1.1.7 Die amptenaar van die plaaslike owerheid wat moet toesien dat bouregulasies nagekom word.

1.1.8 Hierdie persoon eis en beding interimbetalings en die finale rekening met die bourekenaar.

1.1.9 Hierdie persoon verteenwoordig die argitek op die konstruksieterrein en sertifiseer die werk en materiaal waarmee hy of sy tevrede is.

1.1.10 Hy of sy verteenwoordig die ingenieur op die terrein, en monitor en sertifiseer die werk en materiaal waarmee hy of sy tevrede is.

(10 × 1) (10)

1.2 Noem (in die regte volgorde) VYF behoeftes in Maslow se hiërargie van behoeftes. (5)

1.3 Definieer die volgende terme kortliks:

1.3.1 Motivering (2)

1.3.2 'n Selfvervullende profesie (3)
[20]

VRAAG 2

2.1 Noem TWEE redes waarom werk op verskillende stadiums van 'n projek afgeteken word. (2)

2.2 NOSA is 'n toonaangewende wêreldwye verskaffer van beroepsrisikobestuursdienste en -produkte wat kliënte se prestasie verbeter.

Noem SES programme wat NOSA aanbied. (6)

2.3 Verduidelik wat *toelaatbare afwyking* beteken. (2)
[10]

VRAAG 3

3.1 Ongelukke kan deur behoorlike veiligheidsopleiding, voorsorgmaatreëls en gesonde verstand voorkom word.

Noem VYF punte wat 'n mens in ag moet neem terwyl jy op 'n konstruksieterrein werk. (5)

3.2 Die taak van toesighouers op konstruksieterreine is om die aantal kere te verminder wat werk oorgedoen moet word.

Noem VYF algemene oorsake van werk wat oorgedoen moet word. (5)
[10]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

4.1 Voltooi die volgende kostebeheerstelsel vir Shosholoza Constructions. Skryf slegs die korrekte antwoord langs die vraagnommer (4.1.1–4.1.7) in die ANTWOORDBOEK neer.

Opgedateerde koste teen week 4 (alle bedrae is in rand)

Aktiwiteit	10	20	30	40	Totaal
Fondament	3 000	4 000	5 050		**(4.1.1)**
Bladwerk	2 000	**(4.1.2)**	1 500		4 550
Kolomme	500	2 000	**(4.1.3)**		3 500
Baksteenwerk				12 000	12 000
Waarde tot einde	5 500	**(4.1.4)**	7 550	12 000	**(4.1.5)**
Werklike koste	4 500	10 050	8 500	12 500	35 550
Afwyking	**(4.1.6)**	-3 000	-950	**(4.1.7)**	-3 450

(7)

4.2 Kies uit die lys hier onder enige DRIE faktore wat produktiwiteit kan beïnvloed.

- Projek en ingewikkelde ontwerp
- Weerstoestande
- Beskikbaarheid van werkers
- Gesprekke met plaaslike halfgeskoolde werkers
- Die veiligheidsoudits wat aan die einde van die projek gedoen sal word
- Herstrukturering van die vervoermetodes vir die projek
- Die vlak van produktiwiteit sal styg (3)

4.3 Verduidelik die rol wat die volgende lede tydens 'n vergadering speel:

4.3.1 Voorsitter

4.3.2 Sekretaresse

(2 × 2) (4)

4.4 Verduidelik kortliks wat gewoonlik tydens 'n vergadering gebeur onder die volgende opskrifte:

4.4.1 Notule van die vorige vergadering

4.4.2 Verskonings

(2 × 3) (6)

[20]

VRAAG 5

5.1 Verduidelik kortliks die regte van werknemers ooreenkomstig die Wet op Basiese Diensvoorwaardes, 75 van 1997. (5)



5.2 Noem VIER kategorieë van mislukte kommunikasie in die werkplek. (4)

5.3 Noem SES oorsake van griewe in die werkplek. (6)

[15]

VRAAG 6

6.1 Gee SES voorbeelde van elk van die volgende oortredings:

6.1.1 Baie ernstige oortredings



6.1.2 Oortredings wat tot onmiddellike ontslag of afdanking kan lei

(2 × 6) (12)

6.2 Noem DRIE oorsake van konflik in die werkplek. (3)

[15]

VRAAG 7

Verduidelik die volgende dokumente wat in die konstruksiebedryf gebruik word:

7.1 Tekeningskedules

7.2 Materiaalsertifikate

7.3 Presensielys



7.4 Terreininstruksies

7.5 Afleweringsnota

(5 × 2) **[10]**

TOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou